

WAT GEBEUR BY 'N *CANSA* RELAY FOR LIFE GELEENTHEID?

Oorwinnaars- en Versorgersronde

Om die gemeenskap by *Relay* te verwelkom loop ons **kankeroorwinnaars** die eerste rondte om hulle oorwinning oor kanker te vier. Dit word gevolg deur **versorgers** van kanker pasiënte wat 'n rondte stap om erkenning te gee aan hulle wat pasiënte op hul reis met kanker bygestaan het.

Al die spanne (10 -15 mense per span) word uitgenooi om saam te loop vir die **Openingsronde** wat plaasvind nadat die oorwinnaars en versorgers hul rondte gestap het.


Fondsinsameling en Vermaak

Voor die geleentheid sluit elke span 'n verbintenis tot deelname en betaal 'n fooi om te registreer. Die hele baan word gebruik deur aflosspanne wat al om die baan stap om geld in te samel. Oral op die terrein is stasies wat regdeur die nag fondse insamel. Daar is kos wat gekoop kan word, gesinpret en speletjies vir een en almal, musiek, verskeie aktiwiteite en aanbiedinge – alles wat help om fondse in te samel vir opvoeding oor kanker, bewusmaking, siftingstoetse vir kanker en die versorging en ondersteuning van pasiënte en versorgers.

Luminaria Seremonie

'n Rondte word in stilte gestap om hulde te bring en om hulle te onthou wie die stryd teen kanker verloor het. Brandende kerse word binne-in papiersakkies geplaas en rondom die *Relay* baan geplaas as gloeiende huldeblyke om geliefdes te onthou wat die stryd teen kanker verloor het of wat nog steeds daarteen baklei. Hierdie kerse bly brand tot aan die einde van die afsluiting-seremonie van die *Relay For Life* geleentheid.

Deelnemers word verwelkom as deel van die **Openingseremonie**



Spanpogings, Loop En Missies Oor Gesondheid

Individue en spanne bly by die *Relay* arena regdeur die nag om nuwe vriende te maak, ervarings te deel, stories te vertel, raad uit te deel en om die hele nag om die baan te loop om geld vir KANSA in te samel. So met die loop saam, leer mense meer oor gesondheid, voorspraak, kanker siftingstoetse asook die diens en ondersteuning wat KANSA bied aan almal wat deur kanker geraak word.

Stappers belowe tydens 'n Baklei Terug Seremonie

om aksie te neem en om bewustheid te bevorder oor die opvoeding van kanker, voorspraak, sifting, sowel as sorg- en ondersteuningsprogramme om 'n **Wêreld Sonder Kanker** te help bou.

Sluitingseremonie

CANSA Relay For Life kom tot 'n einde met KANSA se belofte om 'n verskil te maak en om te help bou aan 'n wêreld sonder kanker.

#CANSARelayForLife

CELEBRATE

REMEMBER

FIGHT BACK

Jou naaste Relay For Life:

Tolvry: 0800 22 66 22 www.relayforlife.org.za

